# Die Hoërskool Menlopark

PROSEDURE VIR DIE TOEKENNING VAN KLEURE EN EREKLEURE

- Slegs leerders wat aan die vereistes, soos in die beleid vir die toekenning van kleure en erekleure uiteengesit, voldoen, mag kleure en erekleure dra.
- Kleure en erekleure word deur die amptelike Kleurekomitee, wat deur die skoolhoof aangewys en aangestel word, toegeken.
- Die Kleurekomitee word soos volg saamgestel en vergader weekliks:

| | | |
|---|---|---|
| Kobus Hartman | - | Skoolhoof |
| Esmé Claassen | - | Adjunkhoof en sameroeper |
| Harm van Helsdingen | - | Adjunkhoof |
| Ermyntrude Foord | - | Adjunkhoof |
| Johan Grové | - | Adjunkhoof |
| Hannaliza Fechter | - | Adjunkhoof |

- Die verantwoordelike personeellid of organiseerder voltooi aan die einde van ‘n aktiwiteit of seisoen die aansoekvorm vir die toekenning van kleure en erekleure met die name van die leerders wat kwalifiseer vir kleure of erekleure. Hierdie lys word met skriftelike bewyse aan die sameroeper van die komitee voorgelê.
- Wanneer die Kleurekomitee die lys goedgekeur het, reik die sameroeper die sertifikate uit en die balkies mag aangekoop en gedra word.
- Leerders wat van ander hoërskole kom en daar kleure of erekleure verwerf het, mag Die Hoërskool Menlopark se kleure en erekleure dra, op voorwaarde dat hulle prestasie by die vorige skool voldoen aan die vereistes vir kleure en erekleure van Die Hoërskool Menlopark. Hierdie aansoeke moet, met bewyse, by die sameroeper van die Kleurekomitee ingedien word, wat dit dan vir oorweging aan die Kleurekomitee sal voorlê.
- Wanneer die Kleurekomitee daarvan oortuig raak dat ‘n draer van die kleure of erekleure die skool oneer aandoen, kan die Kleurekomitee oorweeg om dié kleure of erekleure terug te trek. In só ‘n geval sal die Kleurekomitee, nadat die geval deeglik ondersoek is en op ‘n amptelike Kleurekomiteevergadering bespreek is en daar ‘n geldige besluit in dié verband geneem is, ‘n aanbeveling aan die skoolhoof voorlê. Die finale besluit in hierdie verband en die uitvoering daarvan berus by die skoolhoof.

# DRA VAN BALKIES EN ANDER TOEKENNINGS

- Vervat in die skoolbeleid is 'n reglement vir die toekenning van kleure en erekleure. Hierdie reglement is te enige tyd beskikbaar ter insae.
- Slegs balkies en ander toekennings wat deur Die Hoërskool Menlopark toegeken is, mag op die skoolbaadjie gedra word. Geen ander balkie, toekenning of medalje (hoe verdienstelik ook al) mag op die skoolbaadjie gedra word nie.
- Die skool ken twee soorte toekennings toe: kleure (die laer toekenning), wat die leerder toelaat om 'n wit balkie te dra en erekleure (die hoër toekenning) wat die leerder toelaat om 'n goue balkie te dra,
- Wanneer 'n leerder kwalifiseer vir kleure of erekleure word 'n sertifikaat toegeken wat dan by die skool se leweransiers getoon moet word wanneer die betrokke balkie aangekoop word.
- Balkies word direk onder die sakwapen op die baadjie aangewerk. Die eerste balkie sal dus onder die wapen op die sak aangewerk word en nie onder die sak nie.
- Slegs een balkie per kategorie (bv. rugby, hokkie, akademie, ens.) word gedra.
- In die geval van 'n hertoekenning in 'n kategorie word slegs 'n sertifikaat toegeken; 'n leerder dra nie 'n tweede balkie nie.
- Wanneer 'n hoër toekenning in 'n kategorie gedoen word, word slegs die nuwe, hoër toekenning gedra. Die laer toekenning word verwyder.
- Wanneer erekleure die eerste keer toegeken word, verander die skoolwapen van 'n katoenwapen na 'n goue lurexwapen. Terselfdertyd verander die oorblywende wit balkies (in ander kategorieë) na silwer balkies.